Swellendam

Munisipaliteit

Munisipale Kantoor
Posbus 20
SWELLENDAM, 6740
Tel. (028) 5148500
Faks No. (028) 5142694

Municipality

Municipal Office
P.O. Box 20
SWELLENDAM, 6740
Tel. (028) 5148500
Fax No. (028) 5142694

10 May 2019

e-pos / e-mail: info@swellenmun.co.za

KENNISGEWING: PUBLIEKE DEELNAME

HUUR: GEDEELTE VAN MEENTGROND, AANGRENSEND TOT SOILL, INDUSTRIËLE AREA, IN SWELLENDAM

Kennis geskied hiermee ingevolge die voorskrifte van die Swellendam Munisipaliteit se Grondbeskikkingsbeleid, 2018 en die bepalings van Bate Oordrag Regulasies, 2008, Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 (Wet No. 56 van 2003) soos gewysig, dat die Burgemeesterskomitee in beginsel besluit het om die volgende perseel te huur aan te bied vir ‘n periode van 9 jaar en 11 maande, aan:

Southern Oil, Swellendam

Die genoemde gedeelte gaan omskep word in ± 44 parkeerplekke vir die werknemers van SOILL. As teenprestasie onderneem SOILL om die omgewing van die voorgestelde parkeerarea skoon te maak en indringerbome te verwyder en te vervang met inheemse plantegroei. Die ontwikkeling van die voorgestelde parkeerarea sal ‘n waardevolle bydrae lewer tot SOILL se verdere ontwikkeling en ook die estetika van die algemene omgewing verbeter sonder om enige impak op omliggende aktiwiteite te maak.

‘n Markverwante huur sal bepaal word deur twee gekwalifiseerde waardeerders.

Belangstellendes word genooi om skriftelike vertoë / kommentaar en of besware te rig aan die ondergetekende, nie later as **Maandag, 10 Junie 2019 om 12:00 nie**. Kommentaar / besware kan per hand gelewer word by Swellendam Munisipale Kantore, Voortrekkstraat 49, Swellendam of gepos word aan die Munisipale Bestuurder, Posbus 20, Swellendam, 6740.

Enige persoon wat nie kan skryf nie en vertoë met betrekking tot die bogemelde aangeleentheid wil rig, kan sy of haar vertoë mondelings aflê by die Munisipale Kantoor, Swellendam. Mev D. Jonas sal sodanige mondelingse vertoë op skrif stel namens die persoon wat mondelingse kommentaar lewer.

Enige verdere navrae, rakende die Huur, kan gerig word aan Me L. Baransky by 028 514 8500 of liezel@swellenmun.co.za.

A.M. GROENEWALD
MUNICIPAL MANAGER

Kennisgewing H4/2019